

TEMPPEL VAN GEWELD



SANDBERGH BEYERS

TEMPEL VAN GEWELD

DEUR

SANDBERGH BEYERS

BOEK VERSKAF DEUR
BOEKE VAN GISTER
(011) 763-4025
082 334 6731

SEBRA BOEKE

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch vir

SEBRA-UITGEWERS (EDMS.) BPK.

S.A.C.T.A.—Gebou 301

Breestraat

JOHANNESBURG

Hoofstuk Een

DIE TOEVLUGSOORD

Dit het iewers besuide die Azore-eilande begin. Dit het oor die Atlantiese Oseaan geloei. Dit het die kus van Wes-Afrika oor 'n afstand van tweeduisend myl vanaf Casablanca in die noorde getref.

Dit het oor die massiewe, magtige Atlasgebergte geskreeu.

En toe die Groot Storm die woestynvlaktes van Sentraal-Algerië tref, het dit 'n vreeslike krag bereik, 'n woedende klimaks.

Niks van hierdie aard het nog die afgelope vyftig jaar voorgekom nie — niks wat naby daaraan gekom het nie. Hele kameelkaravane het daarin omgekom. Die groot diere is onder die sand toegewaai. Manne het in die storm gesterf. Maar hulle is nie begrawe voordat hulle verblind was nie, voordat hul klere in repe van hul liggame geskeur was nie.

Geen lewende wese wat nie daarin geslaag het om skuiling te vind nie, het hierdie groot storm van die woestyn oorleef nie — nie een enkele lewende ding nie, mens of dier.

Dit was 'n moordende gewelddoener hierdie.

Dit het byna twintig uur voortgeduur en dit het toegeslaan met minder as twee uur kennisgewing.

Kaptein Pleuteur kom die gevaar die eerste keer agter toe hy sowat agtien myl suid van die vooruitgeskuifde Vreemde Legioen-basis van Azzuta is. Hy word vergesel deur vyf manskappe wat hy op spesiale oefeninge

die woestyn binnegelei het. Aanvanklik was dit nie meer as net 'n soort voorbode nie, 'n ongemaklike gevoel op die maag wat 'n mens nie kan beskryf nie. Hierdie onseker stadium het egter nie lank geduur nie.

Spoedig het Pleuteur opgemerk dat die kleur van die son verander — vanaf liggeel na brons-rooi. Die son het gelyk of dit reeds ondergaan, maar toe was dit nog nie eens op die middag nie.

Toe het die ligte windjie gekom.

Daardie luggie was so liggies, so aangenaam, so koel in hierdie verderflike hitte. Dit het saggies gefluister terwyl dit die sandjies tussen die duine opgejaag het.

Teen hierdie tyd het Pleuteur geweet. Hy het geweet dat die baba wat hier oor die sand blaas, aanstonds sou aangroei tot die loeiende, woedende reus, die monster wat bloot as die sandstorm bekend staan.

Kaptein Pleuteur het 'n formele berekening gemaak. Daarvolgens het hy uitgevind dat hulle nie eens die helfte van die afstand na die veiligheid van Azzuta sou kon aflê voordat die sandstorm tref nie. In daardie stadium het hy al geweet dat hierdie 'n storm van besondere geweld sou wees en hy moes, teen elke prys, 'n skuilplek vind nie verder as sewe of agt myl van die plek waar hulle hulle toe bevind het nie.

En dit is 'n moeilike probleem in hierdie deel van die Sahara-woestyn.

Kaptein Pleuteur draai nou om en hou sy hand vir die vyf manskappe omhoog. Die vyf kêrels wat die een agter die ander loop, kom skuifelend tot stilstand. Hy kyk 'n oomblikkie na hulle en op hierdie oomblik lyk hulle nie juis 'n indrukwekkende mag nie.

Op elkeen se blinkende gesig is die baardstoppels drie dae oud. Elkeen het 'n uniform aan wat alles behalwe netjies lyk onder die witterige woestynstof wat

daarop vergader het. Elkeen is bietjie vooroor, deels weens die gewig van die rugsakke en deels omdat hulle almal al vies is vir die inspannende oefeninge hier in die woestyn.

Pleuteur voel ook maar danig bek-af.

Hy was somer omgekrap toe hy beveel is om hierdie paar manne op 'n driedaagse verkenningstog deur die woestyn te lei. Hulle is almal potensieële kandidate vir die offisierskool by Saida. Voordat hulle egter daarheen gestuur word om as korporaals opgelei te word, moet hulle 'n offisier met 'n rang van nie laer as kaptein nie, bevredig dat hulle in staat is om sonder hulp hul weg in die onmeetlike woestyn te vind sonder selfs 'n kompas of landkaart.

Wat die kandidate betref, was hierdie oefening nie heeltemal geslaag nie. Drie het hulle intelligent en bedrewe genoeg getoon. Hulle is die Suid-Afrikaner, die Hollander en die Pool. Pleuteur het nog nie finaal daaroor besluit nie, maar hy meen dat die Duitser ook die pyp sal rook. Maar die Italianer! Liewe hemel, hy is pateties.

En terwyl hulle verwag het om vanaand voor donker in Azzuta terug te wees, kom hulle voor hierdie ellendige oponthoud te staan. Dit maak 'n mens nie alleen ergerlik nie — as hulle nie betyds skuiling vind nie, gaan hulle almal die moord steek, dit weet hulle baie goed.

Pleuteur ruk sy silindriese kaarthouer uit, haal die deksel af en trek Kaart B uit wat met hierdie bepaalde omgewing te doen het. Hierdie is 'n goeie landkaart, net soos die res van die stel wat hy drie jaar gelede in Algiers gekoop het toe sy seun daar gebore is. Hulle het baie geld gekos.

Ja, sy seun André en sy vrou Suzette . . .

Hoe lank gelede is dit dat hulle weggegaan het? Hy

wil liewer nie daaraan dink nie — nie nou nie.

En per vreemde toeval sal sy vrou juis vandag op Azzuta aankom om hom te kom sien na al hierdie jare. Sy sou daarheen vlieg. Suzette vlieg altyd net waar sy wil wees. Hy het haar brief gekry net voor hulle op die vyfdaagse oefening na die woestyn vertrek het. Hy wonder waarom sy hom nou wil sien nadat hulle al hierdie jare van mekaar geskei is. En nou kan sy nuuskierigheid nie voor môre bevredig word nie, want vannag sal hulle bepaald nie op Azzuta aankom nie.

Hy konsentreer om hierdie persoonlike sake uit sy binneste te verban en hy konsentreer op die landkaart voor hom.

Hierdie wind is nie meer 'n vrolike bries nie. Dit het sterker geword. Dit smaak of die wind aan sy gesig kleef en dit ruk wild aan sy pet. Dit ruk ook moedswillig aan die landkaart wat hy hier aan die ooprol is.

Hy hoef nie hul posisie na te gaan nie. Omdat hulle so na aan Azutta is, kan hy dit tot binne 'n myl bepaal — tot op 'n haar. Hy trek met sy potlood 'n ligte kruisie om die posisie te merk waar hulle hulle op die oomblik bevind. Hy kyk na die name van plekke wat naby hulle geleë is.

Veertien myl reg na die noorde is die dorp Tako. Dit is gans te ver. Wes noord wes is die klein handelsdorpie Guafi. Dit is naderby en daar sal goeie skuiling wees. Hierdie plek mag hulle bereik, maar dit is twyfelagtig en Pleuteur besef dat hier niks aan die twyfel gelaat mag word as dit enigsins moontlik is nie. Hierdie broeiende sandstorm gaan nie so iets toelaat nie. Die een wat in die ope gevang word, gaan sterf. Daar is egter geen ander plek naby nie. Hulle sal maar die risiko moet loop om Guafi te probeer haal. Maar, genug-

tig, wat 'n risiko! Dit sal beter wees om dit te probeer as om hier in die woestyn te bly.

Pleuteur is op die punt om die landkaart weer te bêre toe sy oog 'n klein merkie daarop vang. Dit is 'n baie klein merkie en die woorde daarby is so klein dat hy hulle skaars kan lees.

Daar staan „Sata-tempel”.

Sata-tempel!

Liewe deug! Nou onthou hy. Jare gelede het hy dit met 'n patrollie besoek. Dit is 'n verlate ou Arabiese tempel. Eens, jare gelede, was daar 'n oase en 'n taamlike dorp, maar die oase het opgedroog en die dorp het verdwyn. Net die ruïnes van die klein tempel het oorgebly. Sover Pleuteur kan onthou, staan die sandsteenmure nog, maar die dak het lankal vergaan. Die dak maak egter nie saak nie. Dit is die mure wat belangrik is. As hulle eers agter daardie mure is, hoef hulle nie meer die sandstorms te vrees nie.

En die Sata-tempel is bloot drie myl na die ooste!

Pleuteur verwens homself toe hy besef dat hy byna die onmoontlike probeer het om Guafi te bereik terwyl die toevlugsoord waar hulle gedurende die storm kan skuil, hier byna teenaan hulle is.

Pleuteur verduidelik haastig aan die manskappe wat sy planne is. Dit is 'n militêre reël dat die manne ingelig moet wees as daar miskien iets met die aanvoerende offisier gebeur. Hy praat kortliks want daar is nie tyd vir langdradige verduidelikings nie. Terwyl hy praat, voel hy dat die bries van netnou, nou 'n wind geword het. Sandkorrels begin in klein vlae oor die oppervlakte van die woestyn te skuif.

En wolke het hul verskyning gemaak.

Hulle is klein, woedende wolkies wat uit die weste aangerol kom. Party van hulle sluit by mekaar aan

en groei. Partykeer hol hulle voor die rooierige son in en dan word die woestyn grys, koud, vreemd . . .

Pluteur sidder.

Hy is dankbaar toe hy die bevel gee: „*Avant*”!

En met hul skouers ver vooroor gebuig, strompel hulle ooswaarts.

Toe hy die kleur van die son sien verander, weet Es Jissali, leier van die Toeareg-karavaan, dat daar skuiling gesoek moet word. Soos die geluk of die ongeluk dit wil hê, is die Sata-tempel slegs vyf myl na die noorde.

Hierdie Arabier het in sy lewe nog nooit 'n kompas gesien nie, maar bloot deur af en toe na die lug te kyk, kan hy sy rigting in hierdie onmeetlike woestyn haarfyn bepaal. Dit is wat hy nou doen.

Twee maande gelede het hy sy kameelkaravaan in Rabat, die kushawe van Marokko, vol handelsware gelaai. Sedertdien het hy oor die Atlasgebergte getrek en die woestyn van Algerië binnegegaan. Hy het reeds goeie besigheid gedoen deur sy bont syware aan die Arabierse gemeenskappe te verkoop. Toe het hy die onbekende handelsroetes gevat en op elke dorpie gaan smous en knibbel. Nou is hy op pad na Azzuta waar hy en sy drywers 'n welverdiende rus gaan geniet met volop geld in hul sakke. Die koms van die storm ontstem hom nie. Dit is maar 'n geringe teistering vergeleke met sy onlangse seëninge, want hierdie handelstog was 'n uitnemende sukses. Hy het elke draad verkoop en geen rowers teëgekom nie.

Jissali voel egter nie heeltemal gelukkig omdat hy juis in die Legioenbasis van Azzuta moet gaan rus nie. Hy het 'n lang geheue soos 'n olifant. Hy vergeet nie maklik nie. Sy vermoë om te haat, is onuitwisbaar.

En hierdie Jissali haat die Vreemde Legioen met 'n hete versengende haat.

Hy vervloek almal wat in hierdie leër dien.

Tien jaar gelede, toe hy nog 'n seun was, het die Legioen sy vader om die lewe gebring. Hulle het hom maandelank in 'n kelder opgesluit waar hy nie die weelde van die son of die vryheid van die sand kon geniet nie. So het hulle sy vader, Es Szag, opgesluit totdat sy liggaam amper vergaan het.

Toe, uiteindelik, het hulle hom uitgeneem en hom teen die mure van die fort in Azzuta doodgeskiet. Jissali wil nie graag na die plek gaan waar hulle sy vader gedood het nie.

Elke dag oortuig Jissali homself opnuut dat sy vader gesterf het omdat hy aan sy eie volk geglo het, omdat hy as leier van die Toearegs opgestaan het teen die tirannie van Frankryk.

En nou bestaan die Toearegs skaars meer as krygers.

Die Legioen het hulle uitgeroei en gebreek. Die meeste van hulle wat oorgebly het, is herlei na die veragtelike status van handelaars — net soos hy, Jissali, nou 'n handelaar is.

Pleks dat hy op 'n groot wit hings ry, met 'n blinkende kromsabel in sy hand, ry hy op hierdie stomme brandsiek-kameel. Sy enigste wapen, behalwe sy mes, is die geweer wat oor sy skouer hang. Hierdie geweer kan hy nie verdra nie, want volgens hom is die eerlike volwaardige wapen vir 'n kryger, 'n kromsabel.

In elk geval is hierdie geweer wat hy hier by hom het, beplek, nie suiwer nie. Hy het dit in Rabat skelmpies gekoop net omdat dit so doeltreffend is. Hy het dit maar net gekoop omdat hy dit dalk op die afgeleë handelsroetes sou nodig kry. Hy het dit egter nie nodig gekry nie, en hy gaan dit weggooi voordat hy Azzuta

binnegaan omdat dit 'n oortreding vir 'n Arabier is om sulke wapens by hom te hê.

Hy sit so en peins oor hierdie dinge dat hy nie eens opmerk dat die wind sterker geword het nie. Hy kyk om na sy drie drywers en hy sien hul klere in die wind fladder en dat die kamele met hul koppe omlaag loop.

Hierdie gaan 'n kwaai storm wees, sê hy vir homself.

Dit kom egter nie daarop aan nie, want die Sata-tempel is reeds binne sig. Hulle is netnou daar. Dit vertoon klein onder die lug wat nou so vinnig donker word. Binnekort sal hulle agter die beskutting van daardie vriendelike mure wees — daardie mure waaragter sy voorvaders soveel jare gelede gehuldig het.

* * *

Pleuteur en sy manne sien die tempel nie raak voordat hulle sowat vierhonderd treë daarvandaan is nie, want die sand klim reeds in rooi boë wat die gesigseinder versper. Die sand dring deur die manne se klere en skuur teen hul liggame aan. En die wind, 'n koue wind, sing teen die liggame wat netnou nog nat gesweet was van die byna onuithoubare hitte.

Maar die storm het nog nie heeltemal losgebreek nie. Hierdie is maar net die voorloper, die voorspel tot die hel wat later gaan losbars. Elkeen van hierdie paar manne weet dit. Hulle weet almal dat as hulle nog 'n uur hier op die kaal woestyn moet wees, nie een van hulle die son weer sal sien opkom nie.

Toe hulle voor die deur kom, beduie Pleuteur hulle om binne te gaan. Hy gaan egter staan. Hy staan daar, half verblind, totdat die manne agter die skuiling van die ou tempel se mure ingegaan het. Dan volg hy hulle na binne.

Pleuteur voel meteens verlig toe hy uit die geweld van die wind en die sand is. Hierdie gevoel van verligting word onmiddellik gevolg deur 'n gevoel van die uiterste spanning sonder enige rede. Dit is maar net 'n intuïtiewe gevoel, want hy kan nog niks sien nie want met die agterkant van sy hand staan en vryf hy die sandbrokies uit sy seer oë.

Hy vat sy hand weg en probeer kyk wat aangaan.

Hy sien slegs die mure, oop en kaal onder die lig wat so vinnig donkerder word. Aan die anderkant van die tempel, skaars twintig treë van hulle af, sien hy die ruïnes van die ou bidkateder wat in die rigting van Mekka uitkyk.

Hy sien vyf manskappe hier langs hom. Hul oë is nie meer so vol sand nie. Pleuteur kyk in die rigting waarheen hulle kyk en dan sien hy die paar Arabiere — Toearegs, te oordeel aan hul liggaamsbou en die kleur van hul velle. Een van hulle is 'n enorme man, soos 'n stoeier gebou. Hy trek die aandag maar slegs omdat hy soos 'n reus lyk tussen die ander wat daar is.

Pleuteur bekommer hom nie, want hy vind daar niks snaaks aan dat 'n paar Arabiere ook hier teen die storm kom skuiling soek nie.

Tog is daar iets omtrent hierdie groepie Arabiere . . . Is hulle vyandiggesind? Tog nie. Waarom? Hierdie is geen tyd en geen plek vir vyandigheid nie.

Maar daardie paar Arabiere staan suur daar, met 'n onderdrukte woede in hulle. Dit is heeltemal duidelik.

Veral daardie een wat daar eenkant, dieper in die skaduwees staan.

Pleuteur sien die wit van hierdie man se oë, maar hy kan sy gesig nie mooi onderskei nie.

Hy staan bietjie vorentoe om hierdie man se gesig te probeer sien.

Dan gaan Pleuteur staan — onwillekeurig.

Daardie gelaatstrekke is bekend. Hy het hulle al iewers gesien.

Niemand kan die massiewe, sataniese krag van die bruin kaak vergeet nie — of daardie lang, prominente neus nie. Of daardie hoë voorkop en die sterk, maar krullende lippe nie.

Daardie gelaatstrekke het Pleuteur bepaald vantevore gesien.

Ja, nou weet hy.

Tien jaar gelede.

Daardie gelaatstrekke is die gelaatstrekke van Es Szag, die destydse rebelleier. Daardie gelaatstrekke het hy elke dag gesien gedurende die lang maande toe Es Szag gevange gehou was.

Hy het hulle die laaste maal gesien toe hy Szag die môre na die muur van die fort in Azzuta geneem het om doodgeskiet te word . . .

Hoofstuk Twee

SLEGTE BURE

Daardie Arabier bly maar daar in die skaduwees. Hy staan doodstil daar, sonder om te roer, soos 'n aasvoël wat op sy prooi wag.

Op die oomblik voel Pleuteur verward. Dit word veroorsaak deur die kwaadaardigheid van daardie Arabier se oë wat voortdurend op hom gevestig bly. Pleuteur weet dat hy iets moet sê — iets, enigiets. Hierdie stilte, hierdie onuitgesproke vyandigheid, is nonsens.

Hy sê kortaf: „Blykbaar sal ons mekaar moet geselskap hou terwyl die storm duur. My naam is Pleuteur.”

Hy praat vlot Arabiers met 'n swaar aksent.

Die Arabier roer sy lippe verskeie kere voordat hy praat, asof hy 'n repetisie hou van wat hy te sê het.

Dan praat hy op redelike goeie Frans: „Mag die storm spoedig verbygaan, *capitaine*.”

Hierdie mag 'n formele uitspraak van hoop wees. Klaarblyklik is dit egter niks van die soort nie. Daardie woorde is swaar van die haat. Pleuteur maak of hy dit nie gesnap het nie en knik net.

„Ja, ons hoop so,” sê die Kaptein. „Ek is egter bevrees dat dit 'n hele tyd gaan duur. Hierdie gaan 'n verskriklike storm wees.”

„In daardie geval, *capitaine*, sal ons erg ongelukkig wees.”

Weer is die Arabier se woorde nie letterlik aanstootlik nie. Dit is egter die nuanses in sy stem wat dit so maak.

Pleuteur hingel bietjie en dan doen hy nog 'n laaste poging om vriendskaplikheid te probeer bewerkstellig.

„Het julle ver getrek?”

„Van Rabat af.”

„En waar is die reis heen?”

„Na Azzuta . . . om te gaan uitrus.”

„Dan gaan ons na dieselfde plek, nie waar nie? Jou manne en myne kan dan saam-saam daarheen trek.”

„Ons sal alleen trek.”

Pleuteur trek sy skouers op. „Net soos julle wil.” Dan huiwer hy en hy wonder of hy die vrae behoort te stel wat hom nou kwel. Omdat hy nou bra nuuskierig is, kan hy die versoeking nie weerstaan om daardie vrae te stel nie. Pleuteur sê: „Jy lyk baie soos die oorlede Es Szag, die Toeareg-rebel. Is jy miskien . . . ?”

„Ek is sy enigste seun.” Die eerste keer toon die Arabier tekens van normale gedrag. „My naam is Jissali. Het u al ooit my vader gesien?”

Pleuteur verwens homself dat hy in die eerste plaas hierdie vraag gestel het. Nou kan hy nie omdraai nie. Nou kan hy nie uitkom sonder om hierdie laaste vraag van die Arabier te beantwoord nie. Hy is egter 'n Franse offisier. Hy is nie 'n leuenaar nie.

Pleuteur antwoord: „Ja, ek het hom gesien.”

„Wanneer?”

„Toe hy deur die Vreemde Legioen in Azzuta aangehou was.”

Daar is 'n fyn ritseling van die Arabier se klere wat vreemd saamsmelt met die geskreeu van die wind daar buite. Jissali gly uit die skaduwees en loop vorentoe totdat hy 'n voet van Pleuteur af staan. Pleuteur wat bietjie onder die gemiddelde lengte is, is genoodsaak om na die Arabier op te kyk.

„Het u die moord op my vader gesien?”

„Jou vader is nie vermoor nie. Hy is doodgeskiet omdat hy 'n verraaier was.”

Pleuteur kan dit nie help om op hierdie manier te antwoord nie. Hy kon dit heelwat anders gedoen het.

Jissali se oë vernou stadig asof die ooglede deur 'n magneet na mekaar toe getrek word.

„Is dit verraderlik om aan 'n mens se eie volk getrou te wees, *capitaine*?”

Hierdie vraag word feitlik gefluister. Teen hierdie tyd is Pleuteur vurig vererg. Hy is bereid om aan hierdie Toeareg vriendskap te bewys, maar keer op keer is hy nog beledig en hy het nou net mooi genoeg gehad daarvan. Hy was bereid om hierdie man die nodige simpatie en eerbied te toon oor die dood van sy vader, maar hy is nie bereid dat enige een die Franse regering as 'n kriminele organisasie sal uitmaak nie.

Daarom sê die Kaptein vreesloos: „Jou vader was kop-in-een-mus met die Fasciste van Italië, nie waar nie? Hulle het hom die gewere vir sy rebellie gegee. En hy het gebruik gemaak van die feit dat Frankryk swak en bloeiende was as gevolg van die Duitse aanval en toe steek hy ons in die rug.”

Pleuteur kan hierdie sin nie heeltemal voltooi nie. Dit word onderbreek deur 'n klein, bros geluid soos die klap van 'n klein pistool.

Jissali het met sy groot bruin hand deur Pleuteur se mond geklap.

Dit was 'n harde hou, met die plathand geslaan. Pleuteur steier agteruit totdat hy deur die muur gestuit word. Die bloedjies sypel by die hoek van sy mond uit.

Daar is 'n geskuifel soos die Legioenmanne beweeg en een of twee ruk hul gewere van die skouers of. Die andere beweeg nader aan Jissali, met gebalde vuiste.

Onder die Toearigs is daar ook die geskuifel van beweging. Hulle het hul hande aan die hewwe van hul messe.

Pleuteur som die situasie onmiddellik op.

Hy skreeu net een woord van bevel uit: „Op rus.”

Dit word byna verswelg deur die skielike harde windvlaag wat deur die tempel huil. Die kêrels het egter gehoor en teësinning verslap hulle en sit hul hande agter hul rugge.

Die een is bietjie teësinning as die andere. Hy is die Suid-Afrikaner. Hy is 'n groot, fris kêrel met die simmetriese liggaam van 'n atleet. Sy naam is Basie Beyers.

'n Oomblik lyk dit of hy die bevel van die Kaptein gaan verontagsaam.

Daar is snelle, dodelike doelmatigheid in die manier waarop hy Jissali nader. Daar is 'n sweem van roeke-lose krag in daardie beweging. Snelle, beheerde, roeke-lose krag. Sy groot vuiste hang hier langs hom.

Hy is die laaste een wat ontspan. Daar is 'n vreemde uitdrukking op sy gesig — die uitdrukking van volkome vreesloosheid. Daardie gelaatstrekke is aantreklik — sterk, nie te fyn besnede nie, maar baie reëlmstig. Daardie gelaatstrekke is nou nie opvallend nie. Wat opvallend is, is die tekens van onderdrukte woede en haat in daardie diep, staalblou oë wat lyk of hulle aanhoudend flits en vonkel.

Pleuteur haal 'n sakdoek uit en vee die bloed van sy mond af. Dan loop hy 'n tree of so nader aan die Arabier wat blasend daar staan. Dit lyk amper of Jissali glimlag, maar as 'n mens daardeur kan sien, besef jy dat dit eerder 'n grynslag is.

'n Paar oomblikke lank veg Pleuteur klaarblyklik om sy selfbeheer te herwin. Dan praat hy baie stadig, maar

baie duidelik, met 'n vreemde krag in sy woorde: „Dit is sowel 'n burgerlike as 'n militêre oortreding om 'n offisier van die Franse Vreemde Legioen aan te rand. Ek kan jou onmiddellik onder arrest plaas, maar dit sal nie nodig wees nie, aangesien jy ook op pad is na Azzuta. Ek sal daar by die bevelvoerende offisier gaan verslag doen oor jou gedrag vanaand hier. Hy sal die nodige stappe doen.

Jissali se uitdrukking verander nie. Hy draai half om en kyk na die drie Toearigs agter hom. Almal het nog steeds hul hande op hul messe. Dan kyk Jissali weer na die paar Legioensoldate.

„Jy is verstandig om te wag, *capitaine*.”

„En wat kan dit nogal beteken?”

„Ja, jy is verstandig, *capitaine*, want hierdie keer is jy en jou manne nie so ver in die meerderheid nie. Daar is ses van julle en vier van ons. Dit is nie so 'n groot verskil in getalle nie, jy weet.”

Jissali raak hierdie parmantigheid kwyt met 'n traakmy-nie-agtigheid wat Pleuteur sowel verbasend as ondraaglik vind.

Pleuteur se stem is bietjie hees toe hy sis:

„Jy het die verwronge gees van jou vaar geërf.”

Hy breek weer af, want die tweede keer binne 'n baie kort tyd is hy jammer oor wat hy gesê het. Dit is egter Jissali wat hom dwing om voort te gaan. Die Toearig sê:

„Gaan voort, Kaptein . . . of is jy bang om oor my oorlede vader te praat?”

„Bang! Goeie hemel! En waarom sou ek bang wees om sulke gespuis te bespreek? Ek waarsku jou, Jissali, jy gaan te ver. Jy verkondig sedisie . . . en dit kan slegs daarop uitloop dat die geskiedenis hom herhaal.